



Towerlantern Fotografie
fotografienuus
september 2019

"Laat die wiele rol – die lente is hier"
Lensopening f2,8; Sluiterspoed 1/60, 1/100, 1/160 sekonde; Fokale lengte 100 mm

Verlede maand was ons fototitel "Dis heerlike lente". Hoewel dit effens tong-in-die-kies was, was dit toe nie ver van waar af nie. Ons hoop hierdie maand se titel, "Laat die wiele rol – die lente is hier", is nog nader aan die waarheid.

Ons foto bring twee boodskappe. Die eerste een, baie logies, is: Stoot jou kruise nader – die lente is hier. Die tweede, minder vanselfsprekend, is: Verwag die onverwagse. Ons kom terug op hierdie laaste saak.

Ons spesialis-fotografiegroep fokus tans op die tema impressionistiese fotografie. Om hulle – en elke leser – te help, gee ons in hierdie uitgawe aandag aan dié besondere kunsvorm. Dit bly 'n lekker uitdaging en neem fotografie altyd tot hoër hoogtes.

Geniet hierdie uitgawe met nog baie ander interessantheide. Terugvoer is altyd welkom.

Johan

Redakteur: Johan de Klerk

Bladuitleg: Fransa Vorster van [Colourcode Designs](#)

Wil jy graag 'n bydræ lewer tot Towerlantern se nuusbrieff?

Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor!

Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie.

Ons ontvang ook advertensies, doen gerus navraag.

voorbladfoto

Soos verlede maand se voorbladfoto, het hierdie uitgawe s'n ook 'n vreemde sluiterspoed-aanduiding, naamlik 1/60, 1/100, 1/160 sekonde. Ons het verlede maand verduidelik dat Augustus se voorbladfoto eintlik 'n samestelling is van 3 foto's met die aangeduide sluiterspoede. Hierdie is presies dieselfde. Lees weer die verduideliking in die Augustus-uitgawe en hoe om jou foto's gereed te kry vir Photomatix.

Die toneel op hierdie uitgawe se voorblad is 'n gevinde toneel – dit was net daar, onaangekondig, onbeplan, onverwags. Soos oral elders, is die lente in aantog, ook in die NWU se Botaniese Tuin. Daar word gewerk en opgeruim na die winter. Die tuiniers is vriendelik. Hulle geniet hul werk. Die kruise op die foto het net daar gestaan. Die interessantheid van die kruise is dat die naaf van die wiel uit oranje-gele plastiek gemaak is. Met die son skuins van agter het die naaf oranje gegloei en as't ware gesê: Neem my af, neem my af.

Die boodskap is dus: Wees reg met jou kamera waar jy gaan. Gelukkig het ek my kamera en driepoot byderhand gehad en was dus vinnig gereed.

Of jy nou op reis gaan en of jy tuis is, verbeel jou jy is 'n soldaat en jy moet gereed wees om jou vuurwapen te gebruik, "te skiet", as jy wil; want dit is presies wat jy met jou kamera behoort te doen. Verwag dus steeds die onverwagse.

Om dit makliker te maak, kan enkele gevalle onderskei word:

- ✓ Jy is in 'n tuin of park of by 'n braaivleis, en jy sien skielik 'n stilstaande foto-moontlikheid. Stel jou kamera vinnig op, verkieslik op sy driepoot. Doen die instellings en neem jou foto's.
- ✓ Jy is in 'n bos of wildduin en is op die uitkyk vir voëls of ander diere. As dit kan, gebruik jou driepoot. Hou in elk geval die kamera by voorbaat gereed. Stel die kamera vooraf in op lensopeningvoorkeur, A of Av. As dit nodig is, stel ook die fokussing vooraf op outomaties. En wees dan gereed vir enigiets lewendigs – van 'n mossie tot 'n olifant.

Ons hoop hierdie twee denkbeeldige, maar realistiese, gevalle help. As jy dit begryp, sal jy maklik self aanpassings kan maak. As jy sukkel, kontak ons.

Die foto hierby toon 'n voorbeeld by 'n braaivleis. Soos die kruit was die toneel net daar, met ligstrepe en al.

VERWAG

die onverwagse



WAT IS DIE KUNSVORM *impressionisme?*

Miskien is die term "impressionisme" vir jou onbekend. Laat ons verduidelik wat met hierdie term bedoel word.

Impressionisme as kunsvorm het gedurende die tweede helfte van die negentiende eeu in Frankryk ontstaan. Dit het begin as 'n skilderkunsvorm en die naam is afgelei van die skilder Claude Monet se werk, *Impression, soleil levant* (Afrikaans: Indruk, sonsopkoms). Die foto hierby toon dié werk.

Mettertyd het die invloed van impressionistiese denke wyer versprei – onder andere tot by impressionistiese musiek, impressionistiese literatuur en uiteindelik impressionistiese fotografie.

Een belangrike kenmerk van die kunsvorm impressionisme is veral die verandering van lig met tydsverloop. Vandaar dus die idee van "indruk" of "impressie" soos in Monet se werk.

Daar kan gesê word dat die hoofdoel van impressionistiese fotografie is om die effek van lig, beweging en kleur na vore te bring. Dit moet natuurlik op so 'n manier gedoen word dat dit die kyker emosioneel raak. Saamgevat kan gesê word: Jy, die fotograaf, moet gevoel uitdruk, eerder as om net 'n mooi foto te neem.

Die taak van 'n impressionistiese fotograaf is dus om die werklikheid te vereenvoudig deur min detail te gebruik en om dit aan die kyker oor te laat om die toneel te vul. Die bedoeling is om die indruk (impressie) van die toneel te gee, eerder as om die fisiese werklikheid te vertoon. Weereens, let dus veral op na lig, vorme en kleur.




Watter tegnieke word gebruik vir foto-impresionisme?

Voordat ons riglyne gee vir die neem van impresionistiese foto's noem ons eers die belangrikste fotografie-tegnieke wat ter sprake is:

- ✓ **Zoemsarsies:** Met zoemsarsies word bedoel dat die kamera se zoemring gedraai word gedurende die tydsduur wat die lens oop is. Dit kan met 'n egalige (kontinue) zoemringrotasie gedoen word, soos in die foto, of met 'n stap vir stap (diskrete) rotasie van die zoemring (indien die kamera dié proses, naamlik *multiple exposure* toelaat).
- ✓ **Fokussering:** Met fokussering word in hierdie geval sekere fokusseringstegnieke bedoel, waaronder selektiewe fokussering (met net klein gedeeltes van die foto in fokus), sagte fokussering (waar die hooftema baie effens uit fokus is) en ontfokussering (waar die foto as geheel uit fokus is).

- ✓ **Kamerabeweging:** Met kamerabeweging word swenking (Engels: *panning*) bedoel; ook beheerde kamerabeweging (byvoorbeeld horisontale beweging) en onbeheerde beweging (byvoorbeeld vanuit 'n bewegende motor).

In al hierdie gevalle is dit logies dat daar van 'n stadige sluiterspoed gebruik gemaak sal moet word. Onthou ook: As die foto oor- of onderbelig is, verander eerder die lensopening of ISO as die sluiterspoed.



Zoemringrotasie, met dank aan Joanie Schoonen

RIGLYNE

vir impressionistiese fotografie


Volg die volgende prosedure om 'n impressionistiese toneel te kry met behulp van beheerde kamerabeweging:

- **Driepoot:** Gebruik 'n driepoot of neem foto's met die vrye hand.
- **Komposisie:** Byna enigiets kan gebruik word as onderwerp. Let veral op na kleure en lyne.
- **Lensstelsel:** Gebruik enige lens, afhangend van die toneel.
- **ISO:** Begin by 'n l e waarde; pas aan.
- **Fotoformaat:** Kies 'n geskikte formaat.
- **Witbalans:** Kies 'n geskikte witbalans.
- **Lensopening:** Kies 'n middelwaarde of kleiner lensopening, byvoorbeeld f11 of f16.
- **Fokusering:** Kry die fokus ongeveer reg vir komposisie-doeleindes.
- **Sluiterspoed:** Begin met 'n sluiterspoed van ongeveer 0,5 tot 0,8 sekonde. As dit te vinnig is, sal die

kamerabeweging nie goed wys nie. As dit te stadig is, kan die toneel oorbelig wees.

- **Fotosessie:** Begin en neem heelwat foto's. Beweeg die kamera effens gedurende die oop sluitertyd. Doen dit op 'n beheerde manier, eerder as

om die kamera wild te swaai. Neem baie foto's sonder om die onderwerp te verander. As die foto's sonder 'n driepoot geneem word, is dit 'n goeie idee om die kamera teen die voorkop te stut.



MARTIN BRINK

(1935 – 2019⁺)

Johann Nel

Huisvriende

Ek het Martin en Annatjie Brink gedurende 1970/1971 by die destydse Potchefstroomse Fotografeklub ontmoet en só het ons huisvriende geword.

Beide Martin en Annatjie was ywerige fotografe en ons was dan dikwels saam op fotografie-uitstappies en -byeenkomste. Al twee die Brinks het op die bestuur gedien van die Stilfonteinse en Potchefstroomse Fotografeklubs. Martin en Annatjie het dikwels ook as beoordelaars opgetree en Martin het later 'n "ligboks" gebou vir die gebruik tydens klubbyeenkomste.


Albei was lede van die Photographic Society of South Africa (PSSA) en gedurende die 1970's tot 1990's het hulle aan talle Suid-Afrikaanse salonne en ook internasionale salonne deelgeneem. Martin en Annatjie het hulle veral toegespits op swart-en-wit-fotografie en

sedert 1974 met ons karavaanvakansies in Hogsback was dit 'n bron van baie fotografiese geleenthede.

Besondere tegniek

Martin se tegniek het gekonsentreer op

hoëkontras swart-en-wit-fotografie. Hy het hoofsaaklik gebruik gemaak van Kodak en Ilford swart-en-wit-films en geëksperimenteer met mediumspoed en die destydse 400 ASA. Hy het baie aandag geskenk aan hoëkontraswerk. Dit het veral ingesluit die ontwikkeling



- Annatjie Brink

MARTIN BRINK

(1935 – 2019[†])

vervolg

van die film self; daarna die beligting, ontwikkeling en herbeligting van die film in die donkerkamer. Die doël was om 'n negatief te verkry wat slegs wit en swart gedeeltes op die uiteindelijke positief vertoon het.

Hierdie tegniek van Martin was uitsonderlik en dit het meegebring dat hy in 1982 'n Assosiasie van Fotografie (APSSA) van die Photographic Society of South Africa ontvang het vir 'n uitgesoekte paneel foto's. Annatjie het ook haar APSSA in swart-en-wit-fotografie ontvang gedurende 1987. Ongeveer in 1990 het Martin 'n paneel hoëkontrasfoto's voorgelê aan die "Royal Photographic Society of England". Met hierdie besondere tegniek is hy dan ook bekroon met die assosiasie van die Royal Photographic Society (ARPS).



"Met dapper en stapper" - Martin Brink

Die foto op hierdie uitstalling getiteld "Met dapper en stapper", wat hierby gewys word, is geneem in 1977. Dit is van ons seuns terwyl hulle in mistige weer

vroëggend in die pad in Hogsback gestap het.

Foto's van ons eerstevlakstude



Clarice van Wyk



Elma Orton



Geo Nel

Ons mees onlangse fotografiegroep het hul kursus gedurende Augustus klaargemaak. Ons deel graag hul beste foto's met ons lesers. Geniet dit saam met hulle.

Foto's van ons eerstevlakstudente



vervolg



Irma Benecke



Michelle Stoppel



Gerda Nel

Towerlantern Fotografie
- september 2019 -



Is jou kamera diep gebêre? Wonder jy wat moet jy fotografeer? Wel, hier is vir die hele September 'n lekker klomp idees, dag-vir-dag. Jy mag die idees wyd interpreteer – moet net nie ou foto's gebruik nie!

As 'n uitdaging: As jy teen 20 September voel jy is fiks, stuur dan van jou foto's vir ons. Ons plaas dit graag.

Hier is die dertig idees waarmee jy jouself fiks kan maak.

1 September	admiraal
2 September	benaming
3 September	chaos
4 September	deeg
5 September	eiland
6 September	faktuur
7 September	gal
8 September	haarnaald
9 September	illusie
10 September	jonk

11 September	kabel
12 September	laken
13 September	manel
14 September	nammies
15 September	ompad
16 September	pootjie
17 September	quadfiets
18 September	ranonkel
19 September	sandput
20 September	tafsy

21 September	uitslag
22 September	vakature
23 September	waternimf
24 September	xenon
25 September	ysbeer
26 September	ziggoerat
27 September	hou aan ...
28 September	hou by ...
29 September	hou uit ...
30 September	stop

**SUPER
HEAVY**

Foto-uitstalling

van Towerlantern Fotografie

Jy word uitgenooi na die opening op Dinsdag 3 Sept om 18:00 vir 18:30 by Potchefstroom Museum, Sol Plaatjestraat 38

Duur van uitstalling:
3 tot 30 September 2019

Tye: 09:00-13:00 & 14:00-16:00 (Ma-Vr);
09:00-12:30 (Sa); 14:30-17:00 (So)



Towerlantern-uitstalling: September 2019

So het die tyd aangebreek vir ons jaarlikse foto-uitstalling. Ons sê baie dankie aan ons uitstallers – 30 van hulle.

Teen die tyd dat jy hier lees, is jy dalk nog betyds vir die opening. Die inligting is hierby. As jy nie by die opening kan wees nie – of nie betyds hierdie nota gelees het nie – kom gerus steeds. Die uitstalling duur nog tot die einde van September.

Bring beslis ook vriende saam.

Towerlantern Fotografie
- september 2019 -

Laaste 2019-fotografiekursusse van Towerlantern

Dit is vir ons aangenaam om die volgende kursusse te noem wat DV gedurende die tweede semester van 2019 aangebied gaan word:

Eerstevlakkursus: Ons volgende en laaste kursus van 2019 word beplan om te strek van 16 Oktober tot 14 November 2019. Kennisgewings is reeds uitgestuur word. Jy hoef werklik niks van fotografie of van jou kamera te weet om hiervoor in te skryf nie. Al wat nodig is, is 'n SLR-kamera. Neem kennis dat daar gedurende September 'n korting is van R200 op die totale inskrywingsgeld van R1400.

Aanlynkursusse: By baie is dit bekend, maar ons noem weer dat beide die eerstevlakkursus en die gevorderdevlakkursus ook aanlyn beskikbaar is. Die voordele van dié kursusse is onder andere: Jy kan dit op jou eie tyd doen; jy kan dit doen waar jy ook al in die wêreld bly; jy kan dit in Afrikaans doen; dit kan 'n goeie geskenk vir 'n geliefde wees wat ver weg bly.

OP INTERNET GESIEN

As jy die woord "spinnepkop" sê, dan skrik meeste mense sommer al byvoorbaat. Maar niemand kan tog vir 'n springspinnepkop bang wees nie!



Vida van der Walt neem foto's van verskillende soorte springspinnepkoppe en dokumenteer dit op haar webblad www.jumpingspiders.co.za. Dit is regtig die moeite werd om daarna te gaan kyk. Vida is 'n makro-fotograaf met belangstelling in insekte en spinnepkoppe.



Meeste spinnepkoppe in Suid-Afrika is glad nie gevaarlik nie, en geen een se byt is dodelik nie. Sluit aan by die Facebook-groep "[South African Spiders](#)" om meer te leer oor spinnepkoppe in ons land.



©Vida van der Walt

Danri Events
Hosts The
Photography
Open Day

What is the photography open day?

An opportunity for photographers, models, make-up artists, hair stylists and fashion designers to demonstrate their best creations.

How to demonstrate:

Inspired by a theme, the location becomes the stage and the audience can be anyone including peers and bystanders. Preparations, e.g. make-up and hair styling can be done on location.



What is the main event?

Live photography takes place on location. Once preparations are done, photographers and models work together to create a photographic masterpiece.

Who can partake?

- Any photographer and/or model.
- Models can be anyone daring enough to be the face of the event.
- Only make-up artists and hair stylists that receive invitations from the event organizers.

When:

28 September 2019

Time:

07h00 AM - 18h00 PM

Where:

Totius Huis Museum
Potchefstroom

Who is joining?

Garments:

Cinderella project

Refreshments:

Purple Carrot Catering

Entertainment:

Rentertainment

Fees:

Entrance fees:

R50,00

Make up Artists:

R150,00

Per model (optional)

Theme:

Edwardian~Victorian

Make-up artists on location:

Make-up by Uthene
Stephan Venter Makeup

RSVP to:

Tuanette: 083 414 5266

Stephan: 060 798 0250



Die manewales van skoudierfotograwe

Die tydskrif *Landbouweekblad* het in 'n onlangse uitgawe (23 Augustus 2019, bladsye 76-77) 'n interessante artikel geplaas wat elke fotograaf sal amuseer. Die tydskrif-titel sê al klaar baie: *Die manewales van landboufotograwe*. Die artikel gaan daaroor dat dit bitter moeilik is om skoudiere goed af te neem. Hier is enkele sake uit die artikel:

Om perde af te neem, is 'n ander kuns, wat min mense regkry. 'n Kollega moes toentertyd sy trap ken in Bloemfontein. Ook in die arena tussen die fynbesnaarde perde en hul soms bemoerde ruiters.

Hoe om 'n stoetbul af te neem:

- Die twee bene van die bul naaste aan die kamera moet reguit na onder wees.
- Die naaste agterbeen moet ongeveer 15 cm voor die ander agterbeen wees.
- Die kop moet regop wees en 45 grade gedraai na die kamera.
- Albei ore moet vorentoe wys en die stert regaf.
- Die bees se lyf moet na die son gedraai wees.
- Die hanteerder se gesig moet sigbaar wees.
- Daar moet niemand in die agtergrond wees nie.
- Die fotograaf moet regoor die bul se voorbeen staan en dan afsak op sy knieë.

Hoe om uit te hou:

Op 'n keer tydens die Dewetsdorp-skou wou *Landbouweekblad* en *Farmer's Weekly* se fotograwe die kampioen-Holsteinbul afneem. Die fotosessie het in die doelgebied van die rugbyveld aan die regterkant van die paviljoen begin, maar nes die bul opgestel is en die fotograwe kniel of beweeg, draai die bul sy gat weg. Dan weer van voor af probeer, al skuiwende oor die hele rugbyveld. Dié prosessie het tot in die anderkantste doelgebied gevorder sonder dat 'n enkele foto geneem is! Dis harde werk!